Die RPO in 'n neutedop

RPO

RPO-KANTORE

Mpumalanga
Sel: 082 493 8428
E-pos: koos@hiveldfruit.co.za

Noordwes
Tel: 018 632 0130
E-pos: info@nwrpo.co.za

Oos-Kaap
Tel: 049 802 6734
E-pos: nwgaec@daff.gov.za

Noord-Kaap
Tel: 053 832 9595
E-pos:
noordkaaprpo@
worldonline.co.za

Wes-Kaap
Tel: 021 860 3801
E-pos: alet@awk.co.za

KwaZulu-Natal
Tel: 034 212 3648
Sel: 071 688 9449
E-pos: rpoadmin@kznatal.co.za

Vrystaat
Tel: 051 451 2314
Sel: 079 529 5000
E-pos:
vrystaatrpo@vodamail.co.za

Limpopo
Tel: 015 293 9804
Sel: 082 555 4553
E-pos: w.prinsloo1@mweb.co.za

Gauteng
Sel: 082 574 2653
E-pos: willie.clack@gmail.com

Strategiese doel en aktiwiteite

Die RPO beskerm en bevorder die belange van kommersiële rooivleisprodusente binne die waardeketting van die rooivleisbedryf. Die RPO as kollektiewe bedingingsorganisasie verbeter die ekonomiese welvaart van sy lede.

Die RPO fokus op belangrike bedryfstake soos:

- Dieregesondheid
- Invoermonitering
- Tariefbeskerming
- Handelsooreenkomste
- Voorligting en opleiding
- Onderhandelings t.o.v. wetlike raamwerke
- Die bevordering van die ekonomiese posisie van produsente en stabiliteit in die bedryf
- Die bevordering van produsente se belange en sake by regerings- en nie-regeringsinstansies
- Die vestiging en bevordering van 'n positiewe beeld van die rooivleisbedryf en die produkte
- Predasiebestuur
- Die bekamping en voorkoming van veediefstal
- Die bedinging vir die verlaging van inset- en bemarkingskoste
- Inligting oor produksiestelsels
- Markinligting
- Navorsing

Die RPO se inspraak in en deelname aan strukture

Die RPO het direkte skakeling, verteenwoordiging en inspraak in onder meer die volgende instansies om die belange van rooivleisprodusente te beskerm en te bevorder:

- Nasionale Landboubemarkingsraad
- Nasionale Landbounavorsingsforum
- Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP)
- Onderstepoort Veterinêre Instituut (OVI)
- Wildbedryf Suid-Afrika (WRSA)
- Nasionale en provinsiale veediefstalforums
- Organisasies van georganiseerde landbou
- Agri SA Bedryfskamer
- Bedryfstrusts
- Lewendehawe Produsente-Organisasie van Namibië (NLPO)
- Predasie Bestuursforum (PMF)
- Rasgenootskappe
- Nasionale en provinsiale regeringsdepartemente
- Opleidings- en navorsingsinstansies
- Suider-Afrikaanse Lewendehawe en Rooivleisforum (SALMF)
- Koördinerende Komitee vir die Welsyn van Lewendehawe (LWCC)
- Rooivleisnavorsing en -ontwikkeling SA (RMRD-SA)
- Ander produsente-organisasies
- Skaapvleis SA
- Internasionale bedryfsorganisasies

Die RPO verteenwoordig rooivleisprodusente se belange in die Rooivleisbedryfsforum (RMIF) wat alle instansies verteenwoordig wat betrokke is by die volle waardeketting van die rooivleisbedryf.

Die RMIF is saamgestel uit:

- Suid-Afrikaanse Varkvleisprodusente-organisasie (SAVPO)
- Rooivleis Abattoirvereniging (RVAV)
- Suid-Afrikaanse Voerkraalvereniging (SAVV)
- Suid-Afrikaanse Federasie van Lewendehawe Agente (SAFLA)
- Nasionale Federasie van Vleishandelaars (NFMT)
- Suid-Afrikaanse Vleisprosesseerders (SAMPA)
- Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (SANCU)
- Vereniging van Vleisinvoerders en -uitvoerders (AMIE)
- Suid-Afrikaanse Huide, Leer en Velle Raad (SHALC)
- Nasionale Opkomende Rooivleisprodusente-organisasie (NERPO)
- South African Meat Distributors and Allied Workers' Union (SAMAU)
- RPO Grootvee
- RPO Kleinvee

Die RPO vorm saam met NERPO die Federasie van Rooivleisprodusente van Suid-Afrika wat kollektiewe belange van primêre kommersiële en opkomende rooivleisprodusente hanteer.

Waarom vrywillige bydraes hef?

Krities belangrike funksies vir die oorlewing en welvaart van primêre rooivleisprodusente en die rooivleisbedryf in geheel word befonds uit twee afsonderlike finansieringsbronne: die verpligte statutêre heffing en die vrywillige produsentebydrae.

Die statutêre heffing is ingestel binne die raamwerk van die Nasionale Landboubemarkingswet en word uitsluitlik aangewend vir die volgende funksies in belang van die rooivleisbedryf:

- Verbruikersekuriteit (voedselveiligheid)
- Verbruikerskommunikasie en -opvoeding
- Navorsing en -ontwikkeling
- Bedryfskakeling
- Ontwikkeling van opkomende sektor
- Produksie-ontwikkeling en bedryfsprojekte

Ingevolge die bepalings van die Nasionale Bemarkingswet mag 'n organisasie soos die RPO geen organisatoriese funksies uit die statutêre heffing befonds nie. Die primêre produsent lewer die grootste bydrae tot die statutêre heffing en indien die produsent die RPO nie finansieel bemagtig in sy moniteringstaak nie, sal die betalende produsent sy seggenskap oor die omvang en aanwending van hierdie statutêre fondse verloor. Dit is uiters noodsaaklik dat die

RPO namens die produsent sterk inspraak sal hê in die Rooivleisbedryfsforum om toe te sien dat statutêre fondse korrek bestuur word.

Die bedrag vir die vrywillige bydrae wat tans van produsente gevra word, beloop 0,15% van die omset by die eerste punt van verhandeling. Verskeie krities belangrike aksies wat die RPO in belang van veeprodusente onderneem, sal weens 'n gebrek aan kapasiteit nie sonder die vrywillige bydraes kan bestaan nie.

Agente en abattoirs hef die vrywillige bydraes binne die provinsies en betaal dit aan die RPO's binne elke provinsie oor. Hulle betaal dan 'n voorafbepaalde bedrag aan die nasionale RPO oor waarmee hy sy organisatoriese en administratiewe funksies verrig. Volgens die duimreël word 70% van die fondse binne die provinsies aangewend en 30% vir nasionale aksies.

As primêre belanghebbende in die rooivleisbedryf word daar van produsente verwag om 'n finansiële bydrae te maak deur die statutêre heffing en vrywillige bydrae te ondersteun. Dit skep kapasiteit om aandag te skenk aan produsentebelange binne die totale waardeketting van die bedryf.

Organisatoriese en administratiewe funksies

Funksies wat in belang van die produsent uit die vrywillige bydrae gefinansier word:

- Provinsiale en nasionale kantoor en personeel
- Administratiewe bestuur van nasionale kantoor en provinsies
- Radio- en TV-onderhoude
- Verbruikersopvoeding
- Produsenteskakeling by wyse van inligtingsdae, kongresse, SMS-boodskappe, webwerfinligting, brosjures, Facebook, die *Rooivleis*-tydskrif en 'n elektroniese nuusbrief
- Beleidsbeïnvloeding by die provinsiale en nasionale regerings
- Skakeling met departemente en veterinêre dienste oor kwessies soos grens- en siektebeheer
- Opleiding van produsente en hul werkers
- Finansiering van relevante navorsingsprojekte
- Die bedryf van die Nasionale en Provinsiale Veediefstalforums
- Verbruikerskakeling

Besoek die RPO webtuise deur die QR-kode met jou slimfoon in te skandeer

UITEENSETTING VAN STATUTÊRE HEFFING

4de Periode - 1 November 2017 - 31 Oktober 2018

BEESTE

- R6,24 per kop word van die verkoper verhaal en aan die koper oorbetaal by alle transaksies.
- R10,40 per kop word by die verslagtingspunt betaal deur die persoon wat die dier vir verslagting aanbied en dieselfde geld vir invoer van beeste.

SKAPE EN BOKKE

- R1,34 per kop word van die verkoper verhaal en aan die koper oorbetaal by alle transaksies.
- R2,02 per kop word by die verslagtingspunt betaal deur die persoon wat die dier aanbied vir verslagting en dieselfde geld vir invoer van kleinvee.

INVOERE

- 'n Permit vir die invoer van vleis beloop R1 160,00 per permit, met 'n maksimum van 28 ton per permit.

HUIDE EN VELLE

- Huide en velle word verreken teen R2,01 per kilogram.

AGENTE

- Lewendehawe-agente betaal 0,102% van hul kommissie.

HANDEL

- Verkoopspunte betaal R659,00 per jaar.

Die RPO is ook op Facebook

facebook

Z-CARD® PocketMedia® (Trade marks used by Z industries Ltd under licence). This product is a doubly-folded sheet card. These products and associated machinery and processes are subject to South African, African and world-wide patents granted and pending, copyright, trade marks and other intellectual property rights including South African patent number 93/1635 © 2012 Z Industries Ltd. Produced under licence by PocketMedia® Solutions: Tel: 0861 092 273 Fax: 0865 155 651 www.zcard.com Job no.: DD/1344020